

HOOFSTUK 3

BEPLANNING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

Die teoretiese ondersoek tot dusver het aangetoon dat sekere persoonlikheidstrekke met sekere sportsoorte geassosieer kan word (hoofstuk 2). Die doel van die empiriese ondersoek sal wees om te bepaal of sekere persoonlikheidstrekke sterker by kriketspelers (oor die algemeen en volgens verskillende speelvlakke, ouderdom en speelposisies) figureer as ander persoonlikheidstrekke.

Die navorsingsprobleem en die oogmerke van die empiriese studie dien as riglyne vir die procedures wat toegepas word in hierdie ondersoek. ‘n Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsontwerp word gebruik. Die navorsingsmetode, data-insameling en data-ontleding word in besonderhede bespreek. Aspekte soos betroubaarheid, geldigheid en etiese vraagstukke word ook aangespreek.

3.2 NAVORSINGSMETODE

Sommige navorsers verkies ‘n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes, aangesien tekortkominge in een metode deur die ander ondervang kan word. In hierdie studie word die twee metodes gekombineer. Hierdie kombinasie van navorsingsmetodes word triangulasie genoem. Die verskillende metodes en metings moet verband hou met die konstruksie wat ondersoek word. Die gebruik van veelvuldige metodes in ‘n ondersoek om die swakhede of vooroordele van enkele metodes te oorkom, word ook veelvuldige operasionalisme genoem (Denzin 1997:318).

3.2.1 Die kwantitatiewe-kwalitatiewe navorsingsmetode

In triangulering word verwys na navorsingsparadigmas, wat eintlik verskillende teoreties-metodologiese benaderings verteenwoordig. Paradigmas verskaf verskillende perspektiewe op wat bestudeer word. Volgens (Johnson & Christensen 2004:29) kan die geldigheid en betroubaarheid van navorsing verhoog word indien daar van triangulering gebruik gemaak word. Navorsingsparadigmas is perspektiewe wat gebaseer is op verskillende stelle veronderstellings, begrippe, waardes en praktyke wat deur 'n gemeenskap van navorsers onderskryf word. Eenvoudig gestel, is dit benaderings wat gevolg word om navorsing uit te voer en om oor die navorsing te dink (Johnson en Christensen 2004:29).

Elk van hierdie navorsingsparadigmas word gekenmerk deur eiesoortige karaktertrekke. Hierdie karaktertrekke kan skematis soos volg uiteengesit word:

Tabel I: Eienskappe van paradigmas

	Kwantitatiewe navorsing	Gekombineerde (gemengde) navorsing	Kwalitatiewe navorsing
Wetenskaplike metode	Deduktief. Die navorser toets hipoteses en teorieë met data	Deduktief en induktief	Induktief. Die navorser genereer nuwe hipoteses en begronde teorieë vanuit datainsameling tydens veldwerk
Siening van menslike gedrag	Gedrag is reëlmatrik en voorspelbaar	Gedrag is min of meer voorspelbaar	Gedrag is vloeiend, dinamies, situasioneel, sosiaal, kontekstueel en persoonlik
Mees algemene navorsingsdoelwitte	Beskrywend, verklarend en voorspellend	Veelvuldige doelwitte	Beskrywend, eksplorerend en ontdekkend
Fokus	Het 'n beperkte fokus en toets bepaalde hipoteses	Fokus op verskeie verskynsels	Breë, diepsinnige benadering waarin die breedte en diepte van verskynsels ondersoek word

Aard van waarneming	Poog om gedrag te bestudeer in beheerde situasies	Bestudeer gedrag in meer as een konteks of toestand	Bestudeer gedrag in natuurlike omgewing, asook die konteks waarin gedrag voorkom
Aard van realiteit	Objektief	Algemene realisme en pragmatiese siening van wêreld	Subjektief, persoonlik en sosiaal gekonstrueerd
Vorm van data-insameling	Versamel kwantitatiewe data gebaseer op presiese meting deur gebruik te maak van gestruktureerde en geldige data-insamelingsinstrumente	Veelvuldige vorme	Versamel kwalitatiewe data waarin die navorsing die primêre data insamelingsinstrument is
Aard van data	Veranderlikes	Mengsel van veranderlikes, woorde en beelde	Woorde, beelde en kategorieë
Data-ontleding	Identifiseer statistiese verhoudings	Kwantitatief en kwalitatief	Soek na patronen, temas en holistiese kenmerke
Resultate	Veralgemeen bevindings	Bevestigende bevindings kan veralgemeen word	Bepaalde bevindings verteenwoordigend van binnekring se sienings. Bied veevuldige perspektiewe
Vorm van finale verslag	Statisties	Eklekties en pragmaties	Verhalende verslag met kontekstuele beskrywings en regstreekse aanhalings van deelnemers in navorsing

(Johnson en Christensen 2004:30)

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat kwantitatiewe navorsing fokus op die deduktiewe komponent, omdat die fokus oor die algemeen op hipotese-toetsing val. Soms word beweer dat kwantitatiewe navorsing hoofsaaklik bevestigend is aangesien navorsers toets vir of poog om hul eie hipoteses te bevestig.

Kwalitatiewe navorsing berus weer meer op induksie en word gebruik om nuwe hipoteses en teorieë te genereer. Kwalitatiewe navorsing word ook dikwels gebruik wanneer daar min inligting aangaande 'n bepaalde onderwerp beskikbaar is, of wanneer 'n induktiewe benadering meer toepaslik is (Johnson & Christensen 2004:30).

Met die gekombineerde navorsingsmetode, maak talle navorsers op een of ander stadium van sowel induktiewe as deduktiewe metodes gebruik. Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing bied dikwels verskillende sienings van menslike gedrag. Volgens kwantitatiewe navorsers is menslike gedrag hoogs voorspelbaar en probeer navorsers alles identifiseer aan die hand van oorsaak-en-gevolg verhoudinge, wat hulle in staat stel om moontlike voorspellings en veralgemenings te maak (Johnson & Christensen 2004:32). Kwalitatiewe navorsers fokus weer op die vloeiende en dinamiese dimensies van gedrag. Gedrag word as situasie- en konteksgebonde gesien.

Hierdie sienings van menslike gedrag is volgens Johnson en Christensen (2004:32) nie vasgestelde sienings nie, met ander woorde indien 'n gemengde benadering gevolg word, sal kwantitatiewe navorsers moontlik die invloed van die konteks en die dinamiese prosesse van gedrag bestudeer (navorsers bestudeer individue soos hulle in interaksie is en hulle gedrag verander in sosiale situasies).

Oor die algemeen is objektiwiteit die ideaal van kwantitatiewe navorsers (Johnson & Christensen 2004:33). Gestandaardiseerde meetinstrumente word dikwels gebruik om dit wat waargeneem word, te meet. Kwantitatiewe navorsers gebruik ook ewekansige prosesse om steekproewe in verskillende groepe in te deel om sodoende die moontlikheid van vooroordele te elimineer.

Volgens Johnson en Christensen (2004:33) meen kwalitatiewe navorsers dat resultate sosiaal gekonstrueer is. 'n Voorbeeld hiervan is die siening dat Eskimo's met verskillende soorte sneeu te doen kry en dit ken, terwyl die gewone Amerikaner net met 'n paar soorte sneeu te doen kry. Die Eskimo's se ervaring laat hulle toe om verskille tussen sneeu te sien wat die gewone persoon nie kan sien nie.

Baie kwalitatiewe navorsers sal met kwantitatiewe navorsers saamstem dat objektiwiteit behou moet bly tydens data-insameling. Kwalitatiewe navorsers wil egter terselfdertyd hul doel bereik deur deelnemende waarneming, sodat hulle self die subjektiewe dimensies van verskynsels in ag kan neem. In kwalitatiewe navorsing is die navorser die instrument van data insameling. Die navorser moet dus self data insamel, vrae vrae en hul data vertolk om sodoende deelnemers te kan verstaan (Johnson & Christensen 2004:34).

Kwantitatiewe, kwalitatiewe en gekombineerde navorsingsverslae verskil ook van mekaar. Kwantitatiewe navorsingsverslae word oor die algemeen in joernaalfvorm geskryf. Die lengte daarvan wissel van vyf tot vyftien bladsye. Die verslae sluit heelwat syfers en resultate van statistiese toetse in. Hier teenoor is kwalitatiewe navorsingsverslae langer en word in 'n verhalende vorm geskryf. Die lengte wissel van twintig tot dertig bladsye en die resultate word in die vorm van boeke gepubliseer. Gemengde navorsingsverslae kan die kwantitatiewe navorsingstyle of kwalitatiewe navorsingstyl volg, maar volg meer dikwels 'n kombinasie van die twee navorsingstyle (Johnson & Christensen 2004:34).

Dit word dus duidelik dat die werklikheid beter verstaan kan word deur die toepassing van veelvuldige navorsingsmetodes en dat triangulasie die vrugbaarste manier is om die werklikheid te vertolk (Denzin 1997:319; Zeller 1997:319).

3.3 NAVORSINGSONTWERP

De Vos, Strydom, Fouché, Poggenpoel, Schurink en Schurink (2001:105) beskou 'n navorsingsontwerp as 'n bloudruk waarvolgens navorsing gedoen word. Die navorsingsontwerp is die plan en struktuur van ondersoek. Dit bepaal hoe die data ingesamel en ontleed word, asook hoe antwoorde op die navorsingsvrae verkry gaan word (Kerlinger 1986:279).

3.3.1 Insameling van data

Inligting gaan ingesamel word by nege krieketklubs en hoërskole. Elke instansie sal vooraf genader word om die nodige reëlings te tref. Die nodige toestemming van hoofde, onderwysers, afrigters en ouers moet verkry word. Al die deelnemers is krieketspelers wat op verskillende vlakke krieket speel en sal gevra word om drie vraelyste in te vul, waarvan twee vraelyste gestandaardiseer is en die derde 'n outobiografiese vraelys is. Die krieketafrigters van elke groep sal ook gevra word om 'n gedeelte van die outobiografiese vraelys in te vul.

3.3.2 Vraelyste

Persoonlikheidsmeting in sport maak by uitstek van vraelyste, meetinstrumente, projeksie tegnieke en gedragswaarneming gebruik (Nel 2003:38). Nel (p 38) noem ook 'n groot verskeidenheid toetse wat beskikbaar is om persoonlikheidstrekkie op 'n enkelvoudige of meervoudige basis uit te lig. Hieronder sorteer die Bernreuter vraelys, die 16 PF vraelys van Cattell, Rotter se Intervalskaal van Eksterne Lokus vn Kontrole, Meyers-Briggs se Tipe-aanduiding, die Profiel van Gemoedstoestande (POMS, Morgan 1978), die Atletiese Motiveringsinventaris (AM) ensomeer. Na oorweging van die beskikbaarheid van metingsinstrumente en die koste daaraan verbonde, is besluit om die 16 PF en die Emotional Profile Index (EPI) by hierdie

ondersoek te betrek. Ook sal 'n autobiografiese vraelys opgestel word om sekere relevante inligting van die respondent te verkry.

Die drie vraelyste word kortliks bespreek.

3.3.2.1 Die Sestieveld Persoonlikheidsfaktor Vraelys (16 PF)

Die 16 PF is een van die gewildste vraelyste waarmee dominante persoonlikheidseienskappe gemeet word (Foxcroft & Roodt 2001:233). Die 16 PF se primêre doel met die studie is, om vas te stel of persone wat aan krieket deelneem, oor bepaalde dominante persoonlikheidstrekke beskik.

Die 16 PF meet altesaam sestien persoonlikheidstrekke. Hierdie trekke word faktore genoem. Die 16 PF verskaf ook 'n dieper psigologiese begrip van die faktore wat uniek is tot elke individu en wat mens vir die doel van hierdie studie in staat stel om te bepaal of daar sekere unieke, dominante persoonlikheidstrekke is by mense wat aan krieket deelneem.

Die 16 PF is betroubaar en gestandaardiseer en die geldigheid is deur verskeie navorsers ondersoek en ondersteun. Verder is die 16 PF is ook 'n vraelys wat gebaseer is op trekke wat op 'n wetenskaplike wyse bepaal is. Die sestien primêre trekke kan ook in groepe saamgevoeg word om 'n aantal tweede-ordefaktore te vorm. Daar is tussen vyf en agt sulke faktore en dit word verkry deur 'n faktorontleding op die korrelasiematriks van die sestien primêre faktor tellings te doen. Dit is 'n goed deurdinkte en gevestigde toets wat toepaslik is vir hierdie studie. (Kyk bylae A vir 'n uiteensetting van die sestien persoonlikheidstrekke). (NS: Vir hierdie studie is slegs met die primêre faktore gewerk aangesien die steekproef groottes van die verskillende groepe (speelvlakke, posisies, ouderdomme) nie 'n faktorontleding geregverdig het nie.)

3.3.2.2 Die EPI (Emotional Profile Index)


Die EPI is 'n persoonlikheidstoets wat ontwerp is om inligting oor basiese persoonlikheidstrekke en persoonlikheidskonflikte op te lewer. Dit dui probleemareas aan en verskaf inligting aan navorsers oor die aard van persoonlikheidsprobleme (Plutchik & Kellerman 1974:1).

'n Sirkulêre profiel word gebruik om die dominante aspekte van 'n persoon se persoonlikheid aan te dui. Die profiel laat die navorser toe om die aspekte met mekaar te vergelyk en om die belangrikheid daarvan vir die persoon wat die toets aflê te bepaal, asook om hoof-konflikareas te kan identifiseer (Plutchik & Kellerman 1974:1).

Die EPI is ontleen aan die algemene teorie van emosies soos deur Plutchik ontwikkel. Hierdie teorie veronderstel agt basiese emosionele dimensies en die EPI assesseer die relatiewe belangrikheid van die agt basiese emosies. Volgens Plutchik en Kellerman (1974:1) veronderstel die teorie dat persoonlikheidstrekke ontstaan uit 'n kombinasie van basiese emosies. Hierdie stelling impliseer dat 'n wye verskeidenheid persoonlikheidstrekke geïdentifiseer kan word deur middel van verwysing na 'n paar basiese kategorieë (Plutchik & Kellerman 1974:1).

Die teorie onderliggend aan die EPI toon ook aan dat emosies op verskillende wyses varieer. Twee van hierdie wyses is ooreenkomsdigheid en polariteit. Hierdie twee implisiete verhoudings tussen emosies kan gelyktydig verteenwoordig word deur middel van 'n sirkel. Hierdie emosie-sirkel toon die agt basiese emosies aan soos wat dit gerangskik is in terme van hulle polariteit en hul graad van ooreenkomsdigheid en kan soos volg voorgestel word (Plutchik & Kellerman 1974:1). (Kyk figuur 1)

FIGUUR 1: EPI PROFIEL



Die EPI is 'n gestandaardiseerde toets wat deur groepe of individue gebruik kan word. Norme word gebruik om rou tellings om te skakel in standaard tellings. Die EPI is as betroubaar en geldig bewys deur Plutchik en Kellerman (1974:1). (Kyk bylae B vir 'n volledige uiteensetting van emosies, soos gebruik in die EPI).

3.3.2.3 Die Outobiografiese Vraelys

Die outobiografiese vraelys gaan gebruik word om persoonlike inligting van krieketspelers en afrigters te verkry. Die outobiografiese vraelys duï die vlak aan waarop krieketspelers speel, asook die aspek van die spel waarin hulle uitblink (kolwer, bouler of paaltjiewagter). Die outobiografiese vraelys gee ook 'n aanduiding van wat krieketspelers en afrigters se siening is van watter persoonlikheidstrekke sukses in krieket bevorder (Kyk bylae C).

3.3.3 Data-ontleding

Die 16 PF en EPI vraelyste is albei gestandaardiseerde vraelyste. Daar is dus is reeds bestaande norme vir die vraelyste. Die 16 PF en EPI gaan met die hand gekodeer word om routellings te verkry. Daarna sal die routellings met behulp van normtabelle omskryf word na standaardtellings toe.

Die standaardtellings wat verkry gaan word uit die 16 PF en EPI tesame met die inligting van die outobiografiese vraelys, gaan in ‘n rekenaarprogram (SAS) ingevoer word wat die nodige grafieke en interne vergelykings vir die studie moontlik sal maak .

Die ontleding van die data word in hoofstuk 4 volledig uiteengesit.

3.4 STEEKPROEFTREKKING

Altesame nege instansies (skole en krieketklubs) gaan ewekansig uit die Edenvale/Ekurhuleni-omgewing geselekteer word. Al die krieketspelers moet verkieslik in die eerste en tweede spanne en Klubkrieket speel. By elkeen van die instansies gaan die afrigters ook gevra word om ‘n gedeelte in die outobiografiese vraelys (kyk verduideliking by 3.3.2.3) te voltooi.

3.5 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

Tydens die navorsingsproses probeer die navorser metodes gebruik wat objektiwiteit verhoog om sodoende hoër vlakke van betroubaarheid en geldigheid te verkry (Mouton & Marais 1990:92).

3.5.1 Betroubaarheid

Volgens Kerlinger (1986:405) is betroubaarheid sinoniem met stabiliteit, konsekwentheid en voor spelbaarheid. Poggenpoel et al. (1998:348-350) verwys na geloofwaardigheid, konsekwentheid en toepaslikheid.

- **Geloofwaardigheid** van inligting is wanneer ‘n beskrywing van so ‘n aard is dat iemand wat kennis het van die verskynsel in staat sal wees om dit te identifiseer.
- **Konsekwentheid** impliseer dat min of meer dieselfde resultate verkry sal word indien die studie herhaal word met dieselfde deelnemers in dieselfde omstandighede.
- **Toepaslikheid** verwys na die mate waartoe die bevindinge vanpas is ten opsigte van verskillende groepe.

3.5.2 Geldigheid

Geldigheid is volgens Kerlinger (1986:417) “*the degree to which the researcher does what he/she intends to do*”. Geldigheid is noodsaaklik vir enige suksesvolle wetenskaplike studie (Zeller 1997:822). ‘n Meetinstrument is geldig wanneer waardevolle en bruikbare gevolgtrekkings gemaak kan word uit die tellings verkry uit vraelyste uit (Byrne 1996:40). ‘n Meting is dus geldig wanneer dit meet wat dit veronderstel is om te meet (Zeller 1997:822; Cotton 1995:93). ‘n Geldige navorsingsbevinding is een waarin daar gelykvormigheid tussen die werklikheid en die beskrywing van daardie werklikheid is (Zeller 1997:822).

Daar kan onderskei word tussen vier vorme van geldigheid:

3.5.2.1 Inhoudsgeldigheid

Inhoudsgeldigheid fokus op die mate waarin die inhoud van die items van ‘n meetinstrument ooreenstem met en verteenwoordigend is van die inhoud van die konsep wat dit veronderstel is om te meet (Zeller 1997:824). ‘n Intelligensietoets moet byvoorbeeld algemene kennis, verbale vermoë, ruimtelike vermoë en kwantitatiewe vaardighede toets. Indien die intelligensietoets slegs ruimtelike vermoë toets sal dit nie beskik oor voldoende inhoudsgeldigheid nie (Mc Burney 1994:123)

3.5.2.2 Kriteriumgeldigheid

Kriteriumgeldigheid beteken dat 'n geldige toets verband moet hou met ander metings van dieselfde konstruk. 'n Geldige intelligensietoets sal met ander intelligensietoetse korreleer. Intelligensietoetse moet ook korreleer met die gedrag wat vereis word van 'n intelligente persoon, soos byvoorbeeld om goed te presteer in skoolwerk (Mc Burney 1994:123)

Indien die oogmerk van 'n intelligensietoets is om te korreleer met hoe goed 'n kind op skool vaar op die tydstip waarop die toets afgeneem word, word dit *gelyktydige of saamvallende geldigheid* genoem. Wanneer die oogmerk van 'n intelligensietoets is om te bepaal, hoe goed die toets toekomstige prestasie van 'n kind of persoon kan voorspel, word dit *voorspellingsgeldigheid* genoem (Mc Burney 1994:123).

Uit die bogenoemde bespreking lyk dit dat die konsep korrelasie nou verband hou met geldigheid. 'n Goeie toets van byvoorbeeld leierskap moenie te hoog korreleer met 'n toets van ekstroversie nie, maar aan die ander kant moet 'n goeie intelligensietoets goed korreleer met ander intelligensie toetse en met hoe 'n kind op skool presteer (Mc Burney 1994:123).

3.5.2.3 Konstrukgeldigheid

Konstrukgeldigheid word binne 'n gegewe teoretiese konteks bepaal. Konstrukgeldigheid bepaal of verbande tussen metings van 'n konstruk bestaan ooreenkomsdig die wyse waarop die teorie dit voorspel (Zeller 1997:825). Daar is verskeie wyses om te bepaal of 'n meetinstrument konstrukgeldig is.

Eerstens moet die konsepte gedefinieer word en die verbande tussen konsepte geantisipeer word. Daar moet dus 'n teorie geskep word wat kan dien as 'n vertrekpunt. Tweedens moet indikatore gekies word om die

konsepte voor te stel. Derdens moet die dimensionaliteit van die indikatore bepaal word. Indien die indikatore die konsepte goed voorstel, is daar sterk positiewe korrelasies tussen die indikatore. 'n Faktoranalise kan die mate waartoe die indikatore met mekaar korreleer, evalueer. Indien 'n faktoranalise bewys dat een item sterk en positief met een faktor korreleer maar nie sistematies met ander faktore nie, is die dimensionaliteit van die items as metings van die spesifieke konsep bepaal.

Vierdens moet skale ontwerp word vir die indikatore verteenwoordig, byvoorbeeld die Likertskaal. Vyfdens moet die korrelasies tussen die tellings van die ondersoekgroep op hierdie skale bereken word. Laastens kan die waargenome korrelasies met die voorspelde korrelasies vergelyk word. 'n Patroon van korrelasies tussen die skale wat ooreenstem met die patroon van korrelasies soos voorspel deur die teorie, bevestig sowel die teorie as die konstruktgeldigheid van die skale. In hierdie studie is die teoretiese onderbou van persoonlikheidstrekke reeds uiteengesit (McBurney 1994:123;Zeller 1997:825-826).

Konstruktgeldigheid raak twee vorms van navraag: die validering van 'n teorie en die validering van 'n meetinstrument. In die validering van 'n teorie soek die navorser bewyse ter ondersteuning van gehipotetiseerde konstrukverhoudinge tussen fasette van dieselfde konstruk (intrakonstruktstudies) en tussen verskillende konstrukte (interkonstruktstudies) (Byrne 1996:42).

Validering van 'n meetinstrument behels dat die navorser empiriese bewyse vind dat die instrument wel die konstrukte meet wat dit veronderstel is om te meet (Byrne 1996:42). Wanneer 'n instrument uit verskeie subskale bestaan, word konstruktgeldigheid bewys indien die skale 'n faktorstruktuur vertoon wat ooreenstem met die onderliggende teorie (Byrne 1996:43). Die twee prosesse, validering van 'n teorie en 'n meetinstrument, is dus komplementêr.

Daarom kan 'n navorser óf 'n teorie valideer deur goeie meetinstrumente daar te stel, óf 'n meetinstrument valideer deur dit op 'n gefundeerde teorie te baseer (Byrne 1996:42). In hierdie studie word die laasgenoemde opsie gevolg.

3.5.2.4 Voorkomsgeldigheid

Voorkomsgeldigheid is die mate waarin items van 'n toets die indruk by 'n leser skep dat dit relevant is tot die veranderlike wat die toets veronderstel is om te meet (Plug 1989:389; Cotton 1995:93). Voorkomsgeldigheid blyk uit 'n visuele inspeksie van die items (Botes 1987:99). Voorkomsgeldigheid in hierdie studie is bepaal deur verskeie meetinstrumente. Gegrond op hierdie evaluasie voldoen die instrumente aan voorkomsgeldigheid – die instrumente meet wat dit veronderstel is om te meet.

3.6 ETIESE OORWEGINGS

Etiese oorwegings by die opstel van 'n navorsingsprojek begin gewoonlik met die identifisering van die navorsingsonderwerp tot by die publisering van die tersaaklike bevindinge (Burns & Grove 1997:195). Etiese oorwegings sluit vertroulikheid en anonimititeit, vermyding van benadeling van deelnemers, die vryheid om te kan onttrek en die versekering van die privaatheid van deelnemers in.

3.6.1 Toestemming

Die proses van toestemming behels dat die deelnemer te alle tye ingelig moet word deur middel van akkurate en toepaslike inligting rakende die doel van die ondersoek, die procedures, moontlike nadele en voordele, die gevare wat navorsing mag meebring, asook die geloofwaardigheid van die navorser (De Vos 2001:25). Die navorser moet ook byvoorbeeld ouers en onderwysers van minderjariges voor die tyd inlig ten opsigte van die doel en die verloop van die ondersoek.

3.6.2 Vrywillige deelname

Deelnemers aan navorsing het die keuse om deel te neem aan die navorsing en hulle kan ook op enige tydstip van plan verander en deelname staak. Vrywillige deelname behels dus dat die navorser geen deelnemers kan dwing om deel te neem teen hul wil nie (Reaves 1992:53). In hierdie navorsing is deelnemers vooraf ingelig oor die doel en verloop van die navorsing en hulle is ook die keuse gebied of hulle wil deelneem of nie (Reaves 1992:53).

3.6.3 Anonimiteit/vertroulikheid

Vir die doel van hierdie studie kan anonimiteit en vertroulikheid as sinonieme beskou word. Die hoofdoel van anonimiteit is dat die deelnemer se waardigheid gerespekteer moet word (De Vos et al. 2001:306). Die identiteit van die deelnemer moet ook nooit voor, tydens of ná die navorsing aan ander bekend gemaak word nie (De Vos et al. 2001:306).

3.6.4 Versekering van privaatheid

Privaatheid impliseer persoonlike privaatheid wat gerespekteer moet word en ook verband hou met vertroulikheid (Kyk 3.6.3) (Odendaal 2002:54).

3.6.5 Skade aan deelnemers

De Vos (2001:25) stel voor dat die navorser 'n etiese verpligting het teenoor die deelnemer om haar/hom te beskerm teen fisiese ongemak tydens die navorsingsprojek. Die navorser moet ook verseker dat emosionele skade so ver as moontlik verhinder word, al is dit moeiliker om emosionele skade te voorspel as fisiese ongemak. As gevolg van die aard van hierdie ondersoek is enige fisiese en emosionele skade onwaarskynlik.

3.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsproses in besonderhede bespreek. Daar sal van 'n kwalitatiewe-kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak word en die navorsingsmetode en tegnieke vir data-insameling en data-ontleding is ook bespreek. Aspekte soos geldigheid, betroubaarheid en etiese oorwegings is ook aangeraak en kortliks bespreek. In hoofstuk 4 word die praktiese uitvoering van die empiriese ondersoek, die statistiese ontleding van die data en die verskeie resultate bespreek.